



SARS KONDIG DIE VOORLOPIGE INKOMSTE-UITSLAG AAN VIR 2021/22

Pretoria, Vrydag 1 April 2022 - In sy 25ste herdenkingsjaar, kondig die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) met trots die voorlopige belastinginkomste-uitslag aan na die tweede jaar van nasionale Covid-19-inperkingsregulasies. Daar moet wel kennis geneem word dat hierdie voorlopige uitslae is, onderhewig aan volledige finansiële rekonsiliasie en 'n finale audit.

In die 2021/22 finansiële jaar, het ekonomiese bedrywigheede sterk teruggespring na die verligting van die Covid-19-inperkingsregulasies. Daarby, het belastingadministratiewe versterkings gelei tot stelselmatige verbeteringe in algehele nakomingsvlakke en dus 'n sterker herstel in belastinginkomste invordering. Maatskaplike bystand aan die armes en kwesbares, en belastingverligtingsmaatreëls, het verdienste sowel as besteding in die ekonomie gesteun, wat die prestering van persoonlike inkomstebelasting en belasting op toegevoegde waarde ondersteun het.

SARS vorder belastinginkomste in ter nastrewe van 'n hoër doelwit, wat die instaatstelling van die regering behels om 'n bekwame staat te bou en die fondasies van ons demokrasie te versterk. Deur doeltreffende lewering van sy mandaat, volhard SARS in die ondersteuning van regeringsprogramme as katalisator tot ekonomiese groei en die verbetering van die lewens van alle Suid-Afrikaners. Die bekendstelling van die SARS Vision 2024, is 'n strategiese reis wat goed op dreef is jeens die herbou van 'n slim en moderne SARS met onbetwisbare integriteit, vertrouwd en bewonderd. Hierdie reis stel SARS in staat om verhoogde inkomste in te vorder op 'n regverdige, doeltreffende en onpartydige wyse wat Suid-Afrika se ontwikkelingsoogmerke ondersteun. Die afgelope twee jaar, het belastingbeleid gefokus op die uitbreiding van die belastingbasis, die verbetering van inkomste-administrasie en die vermindering van die belastinglas op die belastingbasis om ekonomiese groei te stimuleer.

Hiermee die inkomsteprestering vir die 2021/22 finansiële jaar.

Vir die tydperk wat eindig op 31 Maart 2022, het SARS 'n brutobedrag van R1 884.9 miljard ingevorder (vergeleke R1 540.5 miljard in die vorige jaar). Verreken deur terugbetalings van R321.1 miljard (R290.7 miljard in die vorige jaar), het hierdie netto invordering van R1 563.8 miljard tot gevolg, wat 'n surplus van R314 miljard (25.1%) teenoor die vorige jaar 2020/21 verteenwoordig.

Gemeet teen die begrotingskatting van R1 547.1 miljard, verteenwoordig dit 'n surplus van R 16.7 miljard (1.1%). Die hoof bronne van inkomste wat bygedra het tot die R1 563.8 miljard invordering, is persoonlike inkomstebelasting (PIB) wat R 555.8 miljard (35.5%) bydra, belasting op toegevoegde waarde (BTW) wat R 390.7 miljard (25.0%) bydra, maatskappye inkomstebelasting (MIB) wat R 323.6 miljard (20.7%) bydra en doeaneregte wat R 58 miljard (3.7%) bydra.

SARS het altesaam R 16.3 triljoen ingevorder sedert sy stigting in Oktober 1997, tot en met Maart 2021. Met die toevoeging van vandag se voorlopige syfer vir die 2021/22 finansiële jaar, staan hierdie bedrag nou op R 17.8 triljoen.

Inkomste-invordering was veerkragtig tydens meeste van die verslagtydperk as gevolg van sterk ekonomiese herstel, met 'n hupstoot deur opgehefte kommoditeitspryse. Beter-as-verwagte korporatiewe verdienste het MIB- en LBS-invorderings gesteun, terwyl stabiele rentekoerse en ingehokte aanvraag BTW-invorderings gesteun het. Ingevolge ons strategiese voorname wat die inskerping van vrywillige nakoming behels, volhard SARS in sy pogings om dit maklik en moeiteeloos te maak vir belastingpligtiges om hul belastingverpligtinge na te kom. Maar SARS maak dit ook duur en moeilik vir belastingpligtiges wat doelbewus nie hulle verpligtinge nakom nie. Ons het onderskeid getref tussen belastinginkomste ontvang (byvoorbeeld maandelikse LBS-betalings) en belastinginkomste wat ons deur geteikende nakomings-ingrypings ingevorder het.

Gedurende die jaar ter sprake, het sodanige nakomings-ingrypings gelei tot die invordering van R 209.7 miljard, wat 13.4% van totale inkomste verteenwoordig. Die beduidende

verbetering in totale belastinginkomste-invordering het gelei tot 'n 25.0% belasting-tot-BBP-verhouding, wat die hoë persentasie van 23.8% oorskry wat in 2007/08 behaal is, wat 'n vinniger terugkeer na voor-Covid vlakke aandui, gegewe die konteks van die herbasering van die BBP. Vinniger vordering met die inwerkingstelling van strukturele hervorminge, sal bydra tot 'n sterker ekonomiese herstel en verbeterde inkomste-invordering.

Daar is ander interne faktore wat bygedra het tot ons verbeterde inkomste-invordering. Die inligting- en tegnologiese infrastruktuur is gemoderniseer, addisionele vaardige personeel is aangestel, die veelvoudige-jaar doeanemoderniseringsprogram is onderweg, en werk is verhewig om kriminele en onwettige aktiwiteite te bekamp. Die meerderheid van die Nugent-kommissie-aanbevelings om bestuurs- en beheersversuime aan te spreek, is ingestel. Die volgende stap is om aanbevelings, wat spruit uit die Zondo-kommissie oor staatskaping, te ondersteun en daarvan werk te maak. SARS volhard jeens doeltreffende diens aan die mense van hierdie land ter nastrewing van die hoër doelwit wat die skepping van 'n bekwame regering behels. SARS het oor die jare heen merkwaardige vordering gemaak in die herstel van sy integriteit, sy geloofwaardigheid en sy prestering.

SARS bedank alle Suid-Afrikaners en verbonde burgers vir hul ondersteuning om ons land sy volle potensiaal te help bereik en die land te wees wat ons, as toesighouers, almal trots kan oordra aan volgende generasies - 'n land wat vir al sy mense werk.

INKOMSTETABELLE

Table 1: Revenue collections 2021/22 against Revised Budget 2022 Estimate

R'million	Actuals 2021/22	Budget 2022	Var	Var %	MTBPS 2021	Var	Var %	Budget 2021	Var	Var %
Personal Income Tax ¹	555 780	555 543	237	0.0%	543 948	11 832	2.2%	518 721	37 059	7.1%
Corporate Income Tax ¹	323 577	321 902	1 675	0.5%	292 399	31 178	10.7%	216 542	107 035	49.4%
Dividends Tax / STC	33 397	32 182	1 215	3.8%	29 945	3 452	11.5%	26 172	7 225	27.6%
Value-added Tax	390 697	383 724	6 974	1.8%	373 630	17 067	4.6%	370 177	20 520	5.5%
Domestic VAT	448 782	446 738	2 044	0.5%	439 970	8 812	2.0%	430 062	18 720	4.4%
Import VAT	204 332	196 928	7 405	3.8%	193 274	11 058	5.7%	181 333	23 000	12.7%
VAT Refunds	-262 417	-259 942	-2 475	1.0%	-259 613	-2 804	1.1%	-241 217	-21 200	8.8%
Specific Excise Duties ²	49 552	48 212	1 340	2.8%	42 295	7 258	17.2%	43 734	5 818	13.3%
Fuel Levy	88 877	89 884	-1 006	-1.1%	89 647	-770	-0.9%	83 148	5 730	6.9%
Customs Duties ³	57 970	55 821	2 149	3.8%	54 715	3 254	5.9%	53 142	4 827	9.1%
Other taxes	63 914	59 803	4 111	6.9%	58 836	5 079	8.6%	53 488	10 427	19.5%
Total Tax Revenue (Cash)	1 563 765	1 547 071	16 695	1.1%	1 485 415	78 351	5.3%	1 365 124	198 641	14.6%

¹ Includes interest on overdue tax

² Specific Excise Duties comprises excise on domestic goods only

³ Customs Duties comprises duties on imports, specific excise on imports and ad valorem duties on imports

Table 2: Revenue collections 2019/20 to 2021/22 and Variance in Rand million and Percentage

R'million	2019/20 ⁴	2020/21 ⁵	2021/22 ⁶	Var 2019/20 → 2021/22	Var % 2019/20 → 2021/22	Var 2020/21 → 2021/22	Var % 2020/21 → 2021/22
Personal Income Tax ¹	529 172	488 446	555 780	26 608	5.0%	67 334	13.8%
Corporate Income Tax ¹	214 986	204 399	323 577	108 591	50.5%	119 178	58.3%
Dividends Tax / STC	27 930	24 845	33 397	5 467	19.6%	8 552	34.4%
Value-added Tax	346 761	331 197	390 697	43 937	12.7%	59 501	18.0%
Domestic VAT	399 288	392 936	448 782	49 494	12.4%	55 846	14.2%
Import VAT	179 987	166 454	204 332	24 345	13.5%	37 878	22.8%
VAT Refunds	-232 515	-228 193	-262 417	-29 902	12.9%	-34 224	15.0%
Specific Excise Duties ²	46 827	32 273	49 552	2 726	5.8%	17 279	53.5%
Fuel Levy	80 175	75 503	88 877	8 702	10.9%	13 375	17.7%
Customs Duties ³	55 428	47 290	57 970	2 541	4.6%	10 679	22.6%
Other taxes	54 502	45 800	63 914	9 413	17.3%	18 115	39.6%
Total Tax Revenue	1 355 781	1 249 753	1 563 765	207 985	15.3%	314 013	25.1%

¹ Includes interest on overdue tax

² Specific Excise Duties comprises excise on domestic goods only

³ Customs Duties comprises duties on imports, specific excise on imports, and ad valorem duties on imports

⁴ Total Tax Revenue on a cash basis

⁵ Total Tax Revenue on a cash basis

⁶ Total Tax Revenue on a cash

EINDE